



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2017

BESIGHEIDSTUDIES

PUNTE: 300

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die hoofonderwerpe.
 AFDELING A: VERPLIGTEND
 AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae.
 Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.
 AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
 Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.
- Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.
- Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. Geen punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genummer is nie.
- Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
- Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
- Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	1	40	30 minute
B: VYF direkte/indirekte tipe vrae KEUSE (Beantwoord enige DRIE.)	2	60	30 minute
	3	60	30 minute
	4	60	30 minute
	5	60	30 minute
	6	60	30 minute
C: VIER opsteltipe vrae KEUSE (Beantwoord enige TWEE.)	7	40	30 minute
	8	40	30 minute
	9	40	30 minute
	10	40	30 minute
TOTAAL		300	180 minute

- Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n nuwe bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.
- Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
- Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 E.

1.1.1 Werkers is geregtig op ... opeenvolgende dae jaarlikse verlof per jaar.

- A 19
- B 20
- C 21
- D 22

1.1.2 Hierdie strategie vorm nie deel van die intensiewe strategieë nie.

- A Produkpenetrasie
- B Produkontwikkeling
- C Markontwikkeling
- D Markpenetrasie

1.1.3 Die hoofdoel van die Wet op Arbeidsverhouding (WAV) (Nr. 66 van 1995) is om ...

- A te verseker dat werkers in 'n meer geskikte en minder gevaarlike omgewing werk.
- B gelyke geleenthede en billike behandeling in die werkplek te bevorder.
- C ekonomiese ontwikkeling, maatskaplike geregtigheid, arbeidvrede en demokrasie in die werkplek te bevorder.
- D te verseker dat gekwalifiseerde mense van aangewese groepe gelyke geleenthede in die werkplek het.

1.1.4 'n Vennootskap het ...

- A beperkte aanspreeklikheid en beperkte kontinuïteit.
- B ongeperkte aanspreeklikheid en onbeperkte kontinuïteit.
- C beperkte aanspreeklikheid en onbeperkte kontinuïteit.
- D onbeperkte aanspreeklikheid en beperkte kontinuïteit.

1.1.5 Die opbrengs op belegging van aandele word ... genoem.

- A dividende
- B rente
- C kapitaalgroei
- D wins

- 1.1.6 Die ...-klousule word toegepas om die bedrag te bepaal wat die versekeraar sal uitbetaal, veral wanneer goedere onderverseker is.
- A bybetaling
 - B herinbesitstelling
 - C subrogasie
 - D Awery/gemiddelde
- 1.1.7 ... beteken die waardering vir mekaar ongeag van status, kultuur of gestemdheid.
- A Diskriminasie
 - B Leierskap
 - C Diversiteit
 - D Inklusiwiteit
- 1.1.8 Teorieë oor spandinamika help besighede om ...
- A take aan spanlede met soortgelyke persoonlikhede toe te ken.
 - B take volgens die rolle van spanlede toe te ken.
 - C totale bevrediging te bevorder.
 - D goeie verhoudings met spanne te vestig.
- 1.1.9 Hierdie funksie skep 'n gunstige beeld vir die besigheid.
- A Algemene Bestuur
 - B Menslikehulpbron
 - C Openbare betrekkinge
 - D Aankope
- 1.1.10 Gehaltesirkels is gewoonlik deel van die TGB ('TQM')-element van ...
- A deurlopende verbetering van prosesse en stelsels.
 - B topbestuurbetrokkenheid.
 - C spanwerk.
 - D monitering en evaluering van gehalteprosesse.
- (10 x 2) (20)

- 1.2 Voltooi die volgende sinne deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

JSE; leë stoel; tersiêre; sifting; verpligte; sekondêre; KSV; dinkskrum; kortlysing; by
--

- 1.2.1 Die ... sektor sluit in alle bedrywe wat dienste aan besighede en verbruikers verskaf.
- 1.2.2 Die ... gee geleenthede aan finansiële instellings om hul fondse in aandele te belê.
- 1.2.3 ... is 'n kreatiewe probeemoplossingstegniek waar 'n paar mense aan 'n enkele probleem dink en idees voorstel wat tot 'n oplossing kan lei.
- 1.2.4 ... is om die ongeskikte kandidate vir die posisie te elimineer.
- 1.2.5 Mediese bystand is 'n voorbeeld van ... voordele. (5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 Wet op Gelyke Indiensneming	A Reg om aan 'n vakbond te behoort
1.3.2 Herinbesitstelling	B 'n Klagte van 'n werknemer oor iets wat hy of sy as verkeerd of onbillik in die werkplek beskou
1.3.3 Konflik	C Inspeksie van die finale produk om te verseker dat dit aan die voorgestelde standarde voldoen
1.3.4 Ekonomiese reg	D 'n Bepaling ingestel deur die versekeraar wat van toepassing is wanneer eiendom of goedere vir minder as hul markwaarde verseker word
1.3.5 Gehaltebeheer	E Verskille in opinies, waardes en houdings
	F 'n Bepaling waardeur die versekeraar die verlore of beskadigde eiendom of goedere kan vervang in plaas van vergoeding
	G Inspeksies word uitgevoer gedurende en na die produksieproses om te verseker dat daar tydens elke stadium aan die voorgestelde standarde voldoen word
	H Implementering van regstellende aksie om onregverdige diskriminasie te voorkom
	I Verhoog die ekonomiese deelname van swart mense
	J Reg tot gesondheidsdienste

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae van die volgende vyf vrae in AFDELING B. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWING

- 2.1 Identifiseer die element van Porter se Vyf Kragte/Magte-model wat op elk van die volgende stellings van toepassing is:
- 2.1.1 Royal Clothing lok meer klante as Pro Clothing omdat hulle laer pryse bied.
 - 2.1.2 Local Plastics is die enigste plek waar kleinhandelaars plastiek-sakke kan koop.
 - 2.1.3 Handsome Stores wil 'n eksklusiewe modeboetiek begin wat groot kapitale belegging vereis om hoë stigtingskoste en duur voorraad te dek.
 - 2.1.4 Medi-Care het 'n paar gereelde klante wat altyd groot bestellings plaas.
 - 2.1.5 Klante verkies warmer jasse bo duurder, formele baadjies. (5 x 2) (10)
- 2.2 Noem DRIE besigheidsektore. (3)
- 2.3 Beskryf die strategiese bestuursproses. (6)
- 2.4 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE ROL (FUNKSIES) VAN SOOO's

Daar is 25 Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (SOOO's) in Suid-Afrika en elkeen is volgens die ekonomiese sektore geklassifiseer. Die funksies en verantwoordelikhede van SOOO's word in die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998) uiteengesit. Die Wet noem dat die rol van 'n SOOO is om 'n sektorontwikkelingsplan te ontwikkel, die plan te implementeer, leerderskappe te ontwikkel en administreer. SOOO's ondersteun ook die implementering van die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk en onderneem gehalteversekering.

[Vertaal en aangepas uit *Mail & Guardian*, 23 Oktober 2003]

- 2.4.1 Haal aan DRIE rolle/funksies van SOOO's wat in die bostaande artikel genoem word. (3)
- 2.4.2 Verduidelik die doelwitte van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998). (6)
- 2.5 Verduidelik DRIE defensiewe strategieë wat besighede kan gebruik om hul uitdagings te oorkom. (9)

2.6 Bespreek enige DRIE verbruikersregte soos gestipuleer in die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008). (9)

2.7 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die primêre doel van die Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003) (gewysig in 2013) is om die ekonomiese deelname van swart mense in die Suid-Afrikaanse ekonomie aan te spreek en te verbeter. Dit word bereik deur die implementering van die volgende pilare: eienaarskap, bestuur en beheer, vaardigheidsontwikkeling, onderneming- en verskafferontwikkeling en sosio-ekonomiese ontwikkeling.

2.7.1 Haal die primêre doel van die Wet op BBSEB uit die bostaande stelling aan. (1)

2.7.2 Identifiseer enige DRIE pilare van BBSEB wat in die bostaande stelling genoem word. (3)

2.7.3 Regverdig die instelling van die Wet op BBSEB. (4)

2.7.4 Evalueer die impak van die Wet op BBSEB op besighede. (6)

[60]

VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

- 3.1 Identifiseer die ondernemingsvorm wat van toepassing is op die stellings hieronder.
- 3.1.1 Die naam eindig in (Edms.) Bpk.
- 3.1.2 Hierdie maatskappy verkry kapitaal deur aandele aan die publiek te verkoop.
- 3.1.3 Maak staat op skenkings en donasies van fondsinsameling as bron van kapitaal.
- 3.1.4 Die regering besit 50% van die aandele in hierdie maatskappy. (4 x 2) (8)
- 3.2 Definieer die volgende versekeringskonsepte:
- 3.2.1 Bybetaling (2)
- 3.2.2 Premie (2)
- 3.3 Verduidelik die belangrikheid van versekering vir besighede. (5)
- 3.4 Onderskei tussen *versekering* en *assuransie*. Ondersteun jou antwoord met behulp van EEN voorbeeld van elk. (6)
- 3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.
- Frank wil R25 000 in 'n vaste deposito vir drie jaar belê. Die bank bied 15% enkelvoudige of 10% saamgestelde rente aan hom.
- 3.5.1 Noem die soort belegging wat in die bostaande scenario genoem word. (1)
- 3.5.2 Analiseer die risiko-faktor van die soort belegging in VRAAG 3.5.1 geïdentifiseer. (3)
- 3.5.3 Bereken die bedrag wat Frank se belegging werd sal wees aan die einde van drie jaar as hy die saamgestelde rente opsie kies. (6)
- 3.5.4 Onderskei tussen *eenvoudige* en *saamgestelde* rente. (4)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MEDI-AWAY BPK.

Medi-away BPK. spesialiseer in die verwydering van mediese afval van hospitale en private spreekkamers. Gavin Moore, die eienaar van die besigheid, volg al die institusionele reëls en beleide sistematies. Hy maak ook seker dat werkers al hierdie reëls streng navolg.

- 3.6.1 Identifiseer die soort leierskapstyl wat van toepassing in die bostaande scenario is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)
- 3.6.2 Evalueer die impak van die leierskapstyl geïdentifiseer in VRAAG 3.6.1 op leierskap en bestuur. (6)
- 3.7 Bespreek die voordele van die transaksionele leierskapstyl. (6)
- 3.8 Beskryf hoe die volgende faktore tot die sukses en/of mislukking van 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid kan lei:
- 3.8.1 Kapitaal (4)
- 3.8.2 Bestuur (4)
- [60]**

VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE

- 4.1 Noem enige DRIE stadiums van spanontwikkeling. (3)
- 4.2 Verduidelik die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (6)
- 4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TRUE BLUE SPORTS (TBS)

Roy, die eienaar van True Blue Sports, teken nie al sy besigheid se transaksies aan soos deur Suid-Afrikaanse Inkomstediens vereis word nie. Hy was gekritiseer omdat hy nie sy besigheid nie op 'n professionele, verantwoordelike en eties wyse bedryf nie.

- 4.3.1 Identifiseer die onetiese sakepraktyk in die bostaande scenario. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)
- 4.3.2 Noem enige VIER ander onetiese sakepraktyke. (4)
- 4.3.3 Beveel DRIE maniere aan waarop TBS sakepraktyke professioneel, verantwoordelik en eties behoort uit te voer. (6)
- 4.4 Beskryf DRIE kriteria vir suksesvolle spanne. (9)
- 4.5 Verduidelik die verskille tussen *etiek* en *professionalisme*. (6)
- 4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

GO TRAVELS

Go Travels is 'n reisagentskap wat vervoer en akkommodasie besprekings vir internasionale sportspanne bied. Hulle bevind dat meer spanne hulle eie besprekings hanteer en is bekommerd dat hulle een van die dae nie meer baie besigheid gaan hê nie. Die bestuur van Go Travels het besluit om 'n groep sakekenners te versoek om vraelyste te voltooi om te help om hulle probleem op te los.

- 4.6.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat deur Go Travels gebruik is om hul probleem op te los. Motiveer jou antwoord. (3)
- 4.6.2 Verduidelik aan Go Travels die voordele van die probleemoplossingstegniek in VRAAG 4.6.1 geïdentifiseer. (6)
- 4.7 Bespreek die voordele van diversiteit in die werkplek. (6)
- 4.8 Stel manier voor waarop besighede die volgende diversiteitskwessies in die werkplek kan hanteer:
- 4.8.1 Ouderdom (4)
- 4.8.2 Gestremdheid (4)

[60]

VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

- 5.1 Noem DRIE metodes van eksterne werwing. (3)
- 5.2 Omskryf in breë trekke die plasingsprosedure wat oorweeg moet word wanneer 'n werker in sy/haar nuwe posisie geplaas word. (6)
- 5.3 Verduidelik die voordele van 'n induksie-/oriënteringsprogram op besighede. (6)
- 5.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

REAL CLEAN BPK.

Real Clean BPK. het Jane as 'n skoonmaker aangestel. Real Clean BPK. het 'n indiensnemingskontrak met Jane geteken wat hulle indiensnemingsverhouding reguleer. Real Clean BPK. het aan Jane die besonderhede van die beëindig van die indiensnemingskontrak gegee.

- 5.4.1 Identifiseer die werkgever en die werknemer in die indiensnemingskontrak. Ondersteun jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (4)
- 5.4.2 Noem VIER aspekte wat in 'n indiensnemingskontrak ingesluit moet word. (4)
- 5.4.3 Gee Jane raad oor die redes van die beëindig van die indiensnemingskontrak. (6)
- 5.5 Verduidelik die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (6)
- 5.6 Onderskei tussen *gehalteprestasie* en *gehaltebestuur*. (8)
- 5.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

JP CLOTHING BPK.

JP Clothing BPK. vervaardig ontwerpersklere vir mammas en kleuters. Jabu, die eienaar en bestuurder, weet dat die gehalte van haar produkte haar verkope gaan bepaal. Kliënte skryf altyd die gehalte van die klere baie hoog aan.

- 5.7.1 Identifiseer die Totale Gehalte Besturselement (TGB) wat van toepassing op die bostaande scenario is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)
- 5.7.2 Bespreek die impak van die TGB-element geïdentifiseer in VRAAG 5.7.1 op JP Clothing Bpk. as 'n groot besigheid het. (6)
- 5.8 Gee raad aan besighede hoe om die BDKH-siklus toe te pas om die gehalte van produkte en dienste te verbeter. (8)

[60]

VRAAG 6: DIVERSE/ALLERLEI ONDERWERPE**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

- 6.1 Noem DRIE bepalinge van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997). (3)
- 6.2 Omskryf in breë trekke enige DRIE stappe in evaluering van 'n strategie. (6)
- 6.3 Evalueer die impak van Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (COIDA), 1997 (Wet 61 van 1997) op besighede. (6)

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

- 6.4 Noem enige DRIE faktore wat oorweeg moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word. (3)
- 6.5 Identifiseer die soort aandele wat deur ELKE stelling hieronder verteenwoordig word.
- 6.5.1 Hierdie aandeelhouers kan meer dividende ontvang wanneer die maatskappy groter winste maak.
- 6.5.2 Aandele word aan bestaande aandeelhouer as vergoeding vir 'n verlies aan dividende uitgereik.
- 6.5.3 Hierdie aandele word aan aandeelhouers uitgereik wat die maatskappy begin het. (3 x 2) (6)
- 6.6 Verduidelik die voordele van koöperasies. (6)

BESIGHEIDSROLLE

- 6.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DEEP EARTH (DE)

Die visie van Deep Earth, een van die wêreldse se grootste myngroepe, is geïnspireer deur 'n stelling wat deur die maatskappy se stigter gemaak is. Hy het gesê: "Die doel van hierdie groep was nog altyd om 'n wins en 'n permanente bydrae tot die welstand van ons werknemers te maak."

- Gee raad aan Deep Earth hoe om 'n bydrae tot die welstand van hulle werknemers te lewer. (8)
- 6.8 Noem enige DRIE moontlike oorsake van konflik in die werkplek. (3)
- 6.9 Stel TWEE maniere voor waarop 'n besigheid moeilike mense kan hanteer. (4)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHED

- 6.10 Onderskei tussen *stukwerk/loon* en *tydstarief-vergoeding*. (4)
- 6.11 Bespreek die negatiewe impak van Totale Gehaltebestuur indien besighede dit swak implementeer. (5)
- 6.12 Stel DRIE gehalte-aanwysers voor van die administratiewe funksie. (6)
- [60]**

TOTAAL AFDELING B: 180

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n nuwe bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 7 op 'n nuwe bladsy, VRAAG 8 op 'n nuwe bladsy, ensovoorts.

VRAAG 7: BESIGHEIDSOMGEWINGS

Die Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005) (NKW) beskerm die verbruiker in die kredietmark en maak krediet en bankdienste meer toeganklik. Die Wet help om beheer te verbeter vir 'n beter en meer verantwoordelike kredietpraktyke en bedryf.

Met verwysing na die stelling hierbo:

- Bespreek die doel van die Nasionale Kredietwet
- Verduidelik die verbruikersregte soos dit in die Wet uiteengesit is
- Analiseer die impak van die Wet op besighede
- Stel maniere voor waarop besighede aan die Wet kan voldoen

[40]**VRAAG 8: BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

Ann Watson, die nuwe hoof uitvoerende beampte (CEO) van Main Tech moes onlangs die jaarlikse finansiële resultate vir die bestuursraad voorberei en aanbied.

Adviseer Ann oor haar voorlegging van die finansiële resultate. Jy moet die volgende aspekte in jou antwoord insluit:

- Omskryf in breë trekke VIER aspekte wat in aanmerking geneem moet word met die ontwerp van 'n multimedie-aanbieding
- Evalueer die gebruik van 'n PowerPoint-voorlegging en plakkate as toepaslike tipes visuele hulpmiddels wat haar voorlegging kan ondersteun
- Stel maniere voor waarop Ann op 'n professionele wyse op terugvoering kan reageer
- Gee raad aan Ann hoe om op haar volgende voorlegging te verbeter

[40]

VRAAG 9: BESIGHEIDSROLLE**READ MORE BOOKS (RMB)**

Read More Books (RMB) is 'n goed gevestigde boekwinkel. RMB will hulle beeld verbeter en tot die welstand van die gemeenskap en die omgewing bydra deur op sosiale verantwoordelikheid te fokus.

RMB het met jou as 'n besigheidsadviseer kontak gemaak om hulle te help met hul uitdagings rakende hulle korporatiewe sosiale verantwoordelikheid (KSV) en korporatiewe sosiale investering (KSI). Jou advies moet die volgende insluit:

- Brei uit oor die betekenis van KSV en KSI
- Verduidelik die verhouding tussen sosiale verantwoordelikheid en drievoudige sleutelaspekte/triple bottom line
- Evalueer die impak van KSV op besighede
- Gee in breë trekke VYF praktiese maniere waarop RMB se Korporatiewe Maatskaplike/Sosiale Investeringsprojekte (KMI/KSI) tot die gemeenskap kan bydra

[40]**VRAAG 10: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

Die finansiële bestuurder van Wow (Edms.) Bpk. het onlangs sy aftrede aangekondig. Peter, die menslikehulpbronbestuurder benodig 'n nuwe finansiële bestuurder. Peter het 'n posbeskrywing en posspesifikasie opgestel voor hy die posisie geadverteer het. Hy het die posisie op die besigheid se aansteekbord geadverteer. Hy is ook verantwoordelik vir al die reëlins tydens die keuringsproses.

Verwys na die bostaande scenario en skryf 'n opstel wat die volgende aspekte insluit:

- Verduidelik die verskille tussen *posbeskrywing* en *posspesifikasie*
- Bespreek die impak van interne werwing op besighede
- Verduidelik die keuringsprosedures wat Peter moet volg om die geskikste kandidaat te identifiseer
- Adviseer Peter oor die doel van die onderhoud en die rol van die onderhoudvoerder

[40]

TOTAAL AFDELING C: 80
GROOTTOTAL: 300